

PREEKREEKS: JESUS SE GEHEIME TOT GELUK.

JOHANNES 20: 19-31 EN MATTEUS 5: 9/ 18 Junie 2017

**Prediking:**

1.

---

Gemeente van ons Here Jesus Christus.

Elke nasie, of groepering mense het 'n verhaal, 'n storie.

Dit kan veral van die volk Israel gesê word. En min nasies het werklik so **interessante, tog tragiese,** verhaal soos die verbondsvolk.

**Interessant,** want die volk se paadjie is kronkelend en vol draaie. Die 40 jaar wat die volk in die woestyn geswerf het, is juis simbolies hiervan. 'n Reis wat gewoonlik 'n paar weke neem, vat Israel 40 jaar om af te lê. So gaan dit ook maar met die res van die volk se verhaal. In 'n sekere sin is hulle storie eg menslik – soos ons lewens ook maar is.

Tog, vriende, aan die ander kant, is die verhaal van die volk 'n **tragiese** een. Tragies omdat die verhaal gekenmerk word deur **uitbuiting, slawerny, armoede, hongersnood, binne gevegte en veral deur oorlog.** Van hierdie geweld, die oorlog, lees ons al van ons Genesis 4 wanneer Kain vir Abel vermoor. Die eerste geweld en konflik wat ons tussen die twee broers sien kenmerk die res van Israel se verhaal. Blaai ons deur die Ou Testament sien ons een oorlog na die ander een. Somtyds inisieer Israel die geweld, ander kere is hulle slagoffers daarvan.

- Dink maar net aan die **Ballingskap.** Om en by so 700 jaar voor Jesus se geboorte het die Assiriërs onder Nebukadneser Israel ingeval en sy mense in Ballingskap weggevoer.
- In die Nuwe Testament lees ons weer van die **Romeine** wat Israel met die swaard oorwin het.

- En die geweld, die oorlog is natuurlik nie net beperk tot die tyd van die Bybel nie. Tydens die **Tweede Wêreld Oorlog** sterf miljoene Jode op die slagveld en die konsentrasiekampe.

## 2.

---

Kyk ons na die geestestoestand van die volk van God sien ons dat die **mense moeg en afgemat** was. Deurgaans het hulle na stabiliteit, 'n tuiste, hulle eie land, 'n toekoms verlang. Ten diepste het hulle gesoek na **rus en vrede.**

- Lees ons die Ou Testament lei jy af dat hierdie stabiliteit, die rus en vrede, slegs gerealiseer sal word in hulle **eie land, met hulle eie nageslag, met hulle eie koningshuis.**
- Die soeke na stabiliteit en vrede motiveer deurgaans Israel se besluite. Niks sou keer dat hulle die droom sou realiseer nie. Met God wat hulle deurgaans bystaan SAL die volk 'n tuiste vind. Met God se leiding en krag sal die volk finaal vrede hê.

## 3.

---

Die hartseer feit van Israel se verhaal is dat alhoewel hulle uiteindelik 'n beloofde land, 'n nageslag en 'n koningshuis kry, **dit nie soseer stabiliteit en vrede vir Jan-alle-man beteken nie.**

- Steeds het die Jode van die Ou Testament met vrees en angs gelewe.
- Burgeroorlog, tussengevegte, was soos 'n donkerwolk oor die volk.
- En op die ou einde was Israel maar 'n klein volkie wat deur magtige nasies omring was.

Die soeke na vrede en harmonie met mekaar en die wêreld om hulle realiseer dus nooit werklik nie.

Die droom na vrede en harmonie is so **allesomvattend** dat die Jode groet met woorde "shalom", wat beteken "vrede vir julle". Vandag groet mense mekaar nog op die wyse.

Die absolute behoefte na vrede word nie net in die Jode se groetvorm uitgebeeld nie, **maar ook in hulle denke en teologie om die Messias.**

- Hulle sê amper: *Indien die konings nie vir ons vrede kan gee nie, dan sal die Messias dit bring. Daarom is daar vas geglo dat 'n vrederyk sal aanbreek met die koms van die Messias.*

#### 4.

---

Word die Messias dan gebore is dit nie vreemd dat die engele in Lukas 2 twee sing “vrede vir julle en 'n welbehag” nie.

- Daar is vas geglo dat die Jesus die vrederyk sal laat aanbreek.

Lees jy die evangelies verder, dit wil sê Markus, Matteus, Lukas en Johannes, sien ons dat **Jesus die konsep van vrede in sy bediening intrek.** Ons moet dit dalk selfs streker stel: Jesus sien die behoefte by sy volgelingen raak, en daarom is Hy aktief besig om vrede deur sy bediening te bewerkstellig. **Die konsep van vrede is so belangrik vir Jesus dat hy die woord 105 keer in die Evangelies uiter.**

#### 5.

---

Sekerlik, een van die bekendste uitsprake van Jesus wat met vrede te make het, het ons vanoggend van gelees.

Direk na **Jesus se opstanding uit die dood**, so vertel die Johannes evangelie ons, verskyn Jesus aan sy dissipels waar hulle skuil in 'n vertrek waarvan die deure gesluit is. Tweemaal sê Jesus aan sy dissipels “Vrede vir julle”.

Dan lees ons vanaf vers 26 dat die dissipels agt dae later weer bymekaar was. Weereens was die deure gesluit – hulle was bang vir vervolging. En soos met die vorige Jesus-verskyning staan Jesus eweskielik tussen hulle. En soos in die vorige keer is Jesus se eerste woorde aan die dissipels “vrede vir julle”.

Hoe aangrypend is dit nie?

#### 6.

---

Vriende,

## Op die punt ontstaan daar egter 'n reuse probleem.

- Jesus praat 105 keer van vrede,
- die Engele sing daarvan,
- en Jesus se eerste woorde na sy opstanding het daarmee te make.

Tog, kyk ons na Jesus se lewe, is vrede nêrens te vinde nie. Sy lewe word in 'n groot mate deur konflik gekenmerk. Kyk net na die kruisgebeure. Aan die kruis sterf Jesus 'n gewelddadige dood.

Waar is die vrede waarvan Jesus praat?

En wat van die dissipels? Jesus groet hulle met die woorde: *“Vrede vir julle”*. Tog sien nie een van die dissipels iets van die vrede nie. Elkeen van hulle sterf 'n marteldood. Jesus self sê aan Petrus net in die volgende hoofstuk dat hy op die oomblik sy eie klere aantrek en gaan waar hy wil, maar daar sal 'n tyd kom wanneer ander mense hom sal vasmaak en neem waar hy nie wil wees nie. En dan staan daar dat Jesus dit gesê het om daarmee aan te dui ***“met watter dood Petrus God sou verheerlik”***.

Waar is die vrede waarvan Jesus praat?

Kyk ons mooi hierna sien ons dat daar baie ooreenkomste is tussen Jesus en sy dissipels en Israel van die Ou Testament. Die volk Israel het 'n land gekry, 'n nageslag, 'n koningshuis maar tog het vrede ontbreek. So het die dissipels, die Jode van die Nuwe Testament uiteindelik die Messias ontvang, Christus, maar tog is vrede nie te vinde nie. Die Messias word aan die kruis om die lewe gebring, en elkeen van sy dissipels sterf 'n marteldood.

Wat kom dan van die *“vrede”* waarvan Jesus praat? As Jesus aan die dissipels sê *“vrede vir julle”*, is dit 'n leun.

7.

---

En wat van ons eie lewens en wêreld?

Die Engele sing: *“vrede vir julle en 'n welbehae”*. Jesus sê aan die dissipels, maar ook aan elkeen van ons: *Vrede vir julle”*.

Kyk ons egter na die **wêreld sien ons dat terrorisme en oorlog alom voorkom.** Byna elke week hoor 'n mens van nog 'n terroristaanval, nog 'n selfmoorbomaanval, waar groot getalle onskuldige mense sterf. Byna elke dag hoor 'n mens van nog 'n lugaanval, waar onskuldige bystanders sterf.

Waar is die vrede waarvan Jesus praat?

**En wat van ons land?** Waar is die vrede? Moord, verkragting en diefstal is die orde van die dag. Rassisme, xenofobie heers. Optogte wat ontaard in anargie is algemeen. Dink maar net aan die studente optogte, en die optogte by Coligny en die taxistakings wat die hele Gauteng tot 'n stilstand gebring het in die week wat verby is.

En dan lyk dit vir ons of die staat en die polisie niks werklik doen om dit stop te sit nie. Nee, die teendeel is amper waar – geweld word aangemoedig.

Waar is die vrede waarvan Jesus praat?

**En wat van ons eie huise, ons gesinne? Waar is die vrede wat Jesus vir ons gebring het?**

- Ons families, ons gesinne, is so goed soos 'n oorlogsveld.
- En ons kinders is baie keer die onskuldige bystanders wat in die slag bly.
- Elkeen van ons het al iets hiervan ervaar en gesien.
- Ons self is somtyds die aggressor, die gewelddoener.
- Dan praat ek ook nie net van fisiese geweld nie, nee, somtyds pleeg ons emosionele geweld. Ons knou mekaar af en boelie die wie nie hulleself kan verdedig nie.

Waar is die vrede?

**8.**

Verwoord ek ons bestaan, ons lewe, in die lig en die tekort aan vrede waarmee ons elke dag gekonfronteer word, is dit baie maklik om **moedeloos te raak en hoop te verloor.** Ek dink baie mense het al die geloof verloor omdat die boodskap van die Bybel en hulle alledaagse realiteit so ongelooflik baie verskil. *Ons lees van die*

*vrede wat die Here bring, maar sien niks daarvan in ons lewe nie, hoekom moet ek dan enigsins verder moeite doen. Hoe kan ek enigiets glo wat die Here sê.*

**Ek dink ons sukkel so baie met die konsep van vrede omdat ons dit verkeerd verstaan. Plaas ons die vrede wat Jesus bring in die regte lig sien ons dat dit 'n ongelooflike, hoopvolle boodskap is.**

Hoe moet ons dan die vrede wat Jesus bring verstaan? Johannes 14 vers 27 is die sleutel. In die teksgedeelte sê Jesus aan sy dissipels:

*vrede laat ek vir julle, my vrede gee ek vir julle. Die vrede wat ek julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie.*

**Per implikasie sê Jesus dat die vrede wat Hy bring verskil van die aardse vrederyk wat die Jode verwag het.** Hulle het geglo dat die Messias se koms die einde van ellende en oorlog en hongersnood sou beteken. Ons dink ook somtyds in die terme. Ons sal egter met mekaar moet saamstem dat die tipe vrede nie vir hierdie wêreld, op die oomblik bestem is nie. Eers met die voleinding is dit vir die wêreld beskore!

Nee, die vrede wat Jesus bring is eerder 'n innerlike, geestelike vrede. Maar wat beteken dit? Beteken dit enigsins iets vir my? Ek dink so!

- Die vrede wat Jesus bring is 'n vrede wat uiteindelik **tussen God en mens bestaan.** Van die begin af was daar disharmonie, onenigheid, selfs oorlog tussen God en die mens. Tog word daar 'n vredesverdrag op Golgota tussen God en die mens gesluit. En die verdrag word geteken deur die bloed van Jesus. Ons kry deel aan die vrede sonder dat ons dit verdien of sonder dat ons daarvoor vra. Dit is 'n genadegawe, 'n liefdesgawe.
- Daar is nou deur Jesus vrede tussen God en die mensdom, en daarom is daar ook rus en vrede in ons gemoed en **hopelik vrede tussen medegelowiges wat van die selfde waarheid oortuig is.**

Wat bly dan oor gemeente? **Is dit maar nou net iets om oor goed te voel?** Daar is nou vrede in my verhouding met God, maar verander dit enigsins iets hier en nou?

Matteus 5 vers 9 sê: *Geseënd is die vredemakers, hulle sal kinders van God genoem word?* Hoe verstaan ons dit?

Gemeente, omdat ons nou vrede ervaar in ons verhouding met God **kan ons nie anders as om te poog om vrede uit te leef nie**, om **vredemakers** te wees nie.

Ja, die wêreld is geweldig, 'n oorlogsveld. Tog beteken dit nie dat ons gelyk aan die geweld moet word nie. Omdat die wêreld geweldig is beteken dit nie dat ons geweldenaars moet wees nie. **Nee, omdat Jesus aan ons vrede skenk moet ons vredemaker in ruil wees.**

- Om vrede te leef, 'n vredemaker te wees, **begin by die huis** – met jou man of vrou, met jou kinders.
- Netso **moet jy 'n vredemaker wees by die werk.**
- Die **vrede moet ons uitleef in ons stede en in ons kerke.**
- En die vrede moet by ons teenwoordig wees wanneer ons besig **is met die met wat van ons verskil of vyandig teenoor ons is.** Plaasvan om van die staanspoor vyandig te wees, moet ons draers van vrede wees.

Wat gaan die koste van die vrede wees? Ek weet nie! Die vrede wat Jesus gebring het sy hele lewe gekos!

Gaan ons die wêreld verander? Ek dink nie so nie! **Tog kan ons ons eie wêreld, daar waar ons leef, bietjie vir bietjie transformeer.** Die groot wye wêreld gaan miskien nie veel anders lyk nie, geweld en oorlog sal dit steeds kenmerk, tog kan jou en my gesinne, families, werke en kerke anders lyk.

Kom gemeente, kom ons **ontvang die vrede wat Jesus vir ons gee, en kom ons gaan leef dit as vredemakers uit.** Leef ons met vrede, sal God en die wêreld ons kinders van die hemelse Vader noem.

Amen